



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

REKENAARTOEPASSINGSTEGNOLOGIE

Praktiese Assesseringstaak

Werkdokument vir die leerder

Graad 11

2018

Hierdie dokument bestaan uit 35 bladsye.

INHOUDSOPGAWE:

WAT IS DIE PAT?	1
WAT JY BENODIG OM DIE PAT TE VOLTOOI.....	1
ONEERLIKHEID	2
VERSUIM	2
ONDERWERP	3
STAP VIR STAP RIGLYNE OM DIE PAT TE VOLTOOI.....	5
FASE 1.....	5
1 SKEP 'N GESKIKTE LÊERGIDSSTRUKTUUR	5
2 SKEP 'N VERSLAG	5
3 SKEP 'N TAAKDEFINISIE	6
4 VRA VRAE WAT JOU ONDERSOEK SAL LEI	6
5 IDENTIFISEER BRONNE	7
6 VERWERK EN GEBRUIK INLIGTING EN DATA	8
7 KONTROLEER FASE 1 VOORDAT JY DIT INHANDIG	8
ASSESSERINGSINSTRUMENT FASE 1	9
FASE 2.....	13
1 SKEP 'N VRAELYS	13
2 SKEP 'N SIGBLAD	13
3 SKEP 'N DATABASIS	14
4 KONTROLEER FASE 2 VOORDAT JY DIT INHANDIG	14
VOORBEELD VAN 'N VRAELYS	15
ASSESSERINGSINSTRUMENT FASE 2	18
FASE 3.....	20
1 SKEP 'N VERSLAG	20
2 SKEP 'N WEBTUISTE	22
3 KONTROLEER FASE 3 VOORDAT JY DIT INHANDIG	22
ASSESSERINGSINSTRUMENT FASE 3	23
BYLAAG A	31
BYLAAG B: VERKLARING VAN EGTHEID DEUR LEERDER	32
TABELLE	
Tabel 1: PAT uiteensetting	1
FIGURE	
Figuur 1: Toepaslike Nuusopskrifte	3
Figuur 2: Voorbeeld van Vrae- en Bronnetabel.....	6
Figuur 3: Voorbeeld van bibliografiese inligting wat vir 'n webtuiste benodig word	7
Figuur 4: Voorbeeld van bibliografiese inligting wat benodig word vir gedrukte media.....	7
Figuur 5: Kriteria vir die kontrolering van die gehalte van inligting op webtuistes.....	8

WAT IS DIE PAT?

Die PAT (Praktiese Assesseringstaak) in RTT is 'n navorsingsprojek waarin jy die geleentheid kry om jou inligtingsbestuursvaardighede te demonstreer. Jy moet jou vaardigheid met die toepassingsprogramme wat jy gedurende die jaar aanleer, demonstreer en kwaliteit uitsette lewer.

Wat jy benodig om die PAT te voltooi

Om die take te voltooi, benodig jy die volgende:

- 'n Kantoorpakket met die volgende programme:
 - Woordverwerkingsprogram
 - Sigbladprogram
 - Databasisprogram
- HTML-redigeerder (Notepad ++) en webblaaier (bv. Internet Explorer)
- Internettoegang om data en inligting te vind
- Toegang tot ander bronne soos gedrukte media (bv. tydskrifte, koerante, brosjures, handboeke of enige elektroniese materiaal (byvoorbeeld e-boeke, e-artikels))
- Toegang tot fasiliteite om hardekopieë na elektroniese dokumente om te skakel, bv. skandeerder of digitale kamera
- Bergingsmedia om jou werk elektronies te stoor en elektronies te rugsteun, bv. 'flash drive', herskryfbare CD/DVD of in die wolk (cloud) (gebruik van Onedrive, Dropbox, ens.)

Die PAT word in drie fases gedoen soos dit in die tabel hieronder uiteengesit is:

Fase	Uitkoms	Fokus	Maksimum Punt
Fase 1	<ul style="list-style-type: none"> • 'n Gepaste lêergidsstruktuur • 'n Kort beskrywing van die probleem en die taak • 'n Stel vrae van goeie gehalte om die fokusvraag te beantwoord • Inligting oor die onderwerp <ul style="list-style-type: none"> ○ 'n Lys met toepaslike inligtingsbronne ○ Inligting wat gesif, geëvalueer en opgesom is 	<ul style="list-style-type: none"> • Vind en kry toegang tot inligting • Besluit wat die fokus van jou ondersoek sal wees en watter tipe toepassings jy graag met ander leeringe sal wil deel 	29
Fase 2	<ul style="list-style-type: none"> • 'n Vraelys opgestel en voltooi in 'n woordverwerkingsdokument • Sigblad (MS Excel) werkblad • Databasis (MS Access) 	<ul style="list-style-type: none"> • Kry inligting/data oor die onderwerp van ander mense (wat nie maklik in ander bronne gevind kan word nie) • Verwerk data en inligting (Om die bestuur, verwerking en analisering van data en inligting weer te gee.) 	36
Fase 3	<ul style="list-style-type: none"> • 'n Verslag om jou navorsing saam te vat • 'n Webtuiste wat inligting oor die onderwerp wat jy nagevors het, oordra 	<ul style="list-style-type: none"> • Bied inligting en oplossings soos versamel in fase 1 en 2 	75
Totaal			140

Tabel 1: PAT uiteensetting

Jou onderwyser sal aan jou datums en spertye vir elke fase voorsien. Dit is in jou eie belang om by hierdie sperdatums te hou.

Die PAT tel 25% van jou finale RTT-punt, daarom is dit baie belangrik dat jy daarna streef om werk van hoë gehalte te lewer. Die PAT is 'n **verpligte komponent** van jou finale RTT-punt.

Jy moet die PAT ten minste 3 weke voor die aanvang van die finale Graad 11 eksamen voltooi.

Oneerlikheid

Aangesien die PAT 'n individuele projek is wat deel van jou finale promosiepunt uitmaak, mag jy NIE:

- Hulp by ander kry sonder erkenning van die hulp nie.
- Werk inlewer wat nie jou eie is nie.
- Jou PAT-werk aan ander leerders leen nie.
- Ander leerders toelaat om toegang tot jou eie materiaal te kry nie (dit beteken nie dat jy nie boeke van en aan ander leerders mag leen nie, maar eerder dat jy nie plagiaat mag pleeg met 'n ander leerder se navorsing nie).
- Werk wat direk uit boeke, vanaf die Internet of uit ander bronne gekopieer is, sonder erkenning insluit nie.
- Werk inlewer wat deur iemand anders getik of woordverwerk is nie.

Die aksies hierbo behels oneerlikheid, waarvoor jy geenaliseer sal word.

Versuim

'n Punt van nul ('0') sal toegeken word indien jy sou nalaat om enige PAT-vereistes na te kom, bv. vir enige uitstaande deel van die PAT of vir die totale PAT, indien dit nie ingehandig word nie.

Onderwerp

TEGNOLOGIE EN VAARDIGHEDI VIR 'N VERANDERENDE WÊRELD


"Terwyl ons huidige wêreld fundamenteel gevorm word deur wiskunde en wetenskap wat ons in die skool leer, sal ons toekomstige wêreld 'n digitale wêreld wees, waar ons lewens gevorm word deur rekenaars en toestelle wat met mekaar verbind is." ~ Tink Tenk

Die fokusvraag wat jy moet beantwoord is:

Hoe beïnvloed die Vierde Industriële Revolusie (4IR) ons daaglikse lewens en wat sal die rolle van tegnologieë en tendense soos die Internet van Dinge (*Internet of Things* -IoT), Vergrote Werklikheid (VW) (*Augmented Reality* -AR) en Kunsmatige Intelligensie (KI) wees?

Commented [A1]: Soos in die 2017 Eksamenriglyne

THE FOUR INDUSTRIAL REVOLUTIONS



Bron: <http://fortune.com/2016/03/08/davos-new-industrial-revolution/>

Jou taak is:

- Ondersoek die impak van die 4IR in terme van enige TWEE van die volgende: IoT, VW en KI.

Vrae wat jy dalk wil beantwoord:

- Wat behels elk van die twee begrippe / konsepte?
- Watter tegnologie is betrokke?
- Hoe werk elkeen van die twee?
- Vir elk van die twee, kies en bespreek een plek waar dit in detail geïmplementeer word, bv. Onderwys.
- Waar word dit gebruik? - Kies vir elkeen een area in detail, bv. onderwys, vervaardiging
- Watter vaardighede sal benodig word?
- Voordele / nadele.
- Versamel en ontleed data wat relevant is vir die ondersoek.
- Identifiseer 'n geskikte gehoor (soos die leerders in jou klas) en bied jou navorsing en bevindings aan deur 'n verslag te gebruik wat geskik sal wees vir gebruik deur die spesifieke gehoor.

Die volgende opskrifte het die afgelope jaar in die nuus verskyn (gebruik hierdie opskrifte om 'n oorsig te kry):

Vergrote Werklikheid (VW) <i>Augmented Reality</i> (AR)	Internet van Dinge (IoT)	Kunsmatige Intelligensie (KI)
<ul style="list-style-type: none"> ○ Vergrote Werklikheid kan uiteindelik meer as 'n gier word ○ Die wêreld se grootste Starbucks het Vergrote Werklikheid ○ Vergrote Werklikheid maak impakvolle verandering. ○ Jy kan nou Twitter in Vergrote Werklikheid gebruik ○ Maak gereed vir die volgende digitale revolusie 	<ul style="list-style-type: none"> ○ Mozilla kondig 'n oop poort aan vir die Internet van Dinge (IoT) ○ Nokia en EDF vat kragte saam om die tegnologie van die Internet van Dinge vir nywerhede te toets ○ Nuwe Mercedes Sprinter omhels 'Internet van Dinge' ○ Wat is die regering se rol in die beveiliging van die Internet van Dinge? 	<ul style="list-style-type: none"> ○ Kunsmatige intelligensie groei vinnig - wat is die volgende vir dinkmasjiene? ○ Hoe Kunsmatige Intelligensie vandag se Ondernemings-werksplek beïnvloed ○ Kunsmatige intelligensie sal die wêreld verander, maar dit kan nie met veerpyltjies wen nie ○ 'Masjiene wat dink' voorspel die toekoms van KI

Figure 1: Toepaslike Nuusopskrifte

Oorweeg sommige van die volgende areas:

- 'n Beskrywing van 4IR.
- 'n Beskrywing van VW / IoT / KI - Wat is dit?
- Eenvoudige verduideliking van hoe dit werk.
- Voordele en Nadele.
- Tegnologie betrokke en toerusting beskikbaar vir die tegnologie.
- Die impak op persoonlike lewens, leerders, die gemeenskap, ens.
- Waar dit gebruik kan word.
- Huidige teenoor toekomstige gebruike.
- Gebruike:
 - Databasis van programme / toestelle en IP-adresse
 - Databasis van soorte ondernemings wat kan baat vind
- Enige ander interessante feite oor Vergrote Werklikheid wat u wil deel, bv. loopbaangeleenthede

Stap vir stap riglyne om die PAT te voltooi

FASE 1

1 Skep 'n geskikte lêergidsstruktuur

1.1 Skep 'n **gepaste lêergidsstruktuur op jou rekenaar** om jou werk te stoor. Binne die hooflêergids, moet elke fase sy eie sub-lêergids hê om die werk wat in die verskillende fases gedoen word te organiseer. Voorstelling van 'n lêerstruktuur:

- Van en Naam: Gr 11 PAT (Lêergids)
 - Fase 1 (Lêergids)
 - Bronne (Gestoor in 'n sub-lêergids)
 - Verslag (MS Word)
 - Fase 2 (Lêergids)
 - Oorspronklike vraelys
 - Voltooide vraelyste gestoor in 'n sub-lêergids
 - Sigblad (MS Excel) dokument
 - Databasis (MS Access) dokument
 - Verslag (MS Word) *vanaf die Fase 1-lêergids gekopieer*
 - Fase 3 (Lêergids)
 - Finale verslag (MS Word) *vanaf die Fase 2-lêergids gekopieer*
 - Webblad (HTML)

Al die dokumente wat jy versamel, moet in toepaslike lêergidse gestoor word. Die dokumente en lêergidse moet sinvolle lêername hê en op so 'n manier georganiseer word dat dit maklik is om te navigeer en inligting te vind.

NB: Dit is jou verantwoordelikheid om te verseker dat jy, te alle tye, rugsteunkopieë van al jou werk maak!

1.2. Skaf 'n lêer van jou keuse aan vir enige moontlike **harde kopieë** van jou PAT. Dié lêer moet as bewys vir evaluering aan die einde van elke fase ingehandig word.

Die volgende inligting moet voor in jou lêer wees:

- Opsomming van PAT punte en egtheidsverklaring van werk (Bylaag A).
- PAT: Werkdokument vir die leerder
- **Fase 1**
Bewyse van bronne indien dit nie elektronies beskikbaar is nie.
LET WEL: Moenie hardekopieë maak van dokumente wat elektronies beskikbaar is nie.
- **Fase 2**
Bewyse van al die voltooide vraelyste indien dit nie elektronies beskikbaar is nie.
LET WEL: Dit word aanbeveel om sagtekopieë van dokumente te stoor en nie as hardekopieë nie.

2 Skep 'n verslag

Begin nou die woordverwerkingsverslag wat as die finale produk gebruik sal word om jou bevindings en gevolgtrekkings te kommunikeer. Moet nie bekommerd wees as jy nog nie sommige van die 'opskrifte' behandel het nie; jy stel in hierdie stadium slegs die struktuur saam. Jy sal deur die loop van die drie fases van die PAT inhoud (en meer opskrifte) by hierdie verslagdokument voeg.

Skep 'n woordverwerkingsdokument wat die volgende bevat:

- **'n Dekblad**
'n Goed gestruktureerde, pasgemaakte dekblad met 'n professionele voorkoms, wat geskikte inhoudskontroles gebruik om die volgende by te voeg:
 - Jou naam en van
 - Die naam van jou skool
 - Die naam van die vak en die PAT-onderwerp

- o 'n Inhoudskontrolle vir die abstrak

- 'n **Outomatiese inhoudsopgawe**
- **Opskrifte**

Voeg die volgende voorlopige opskrifte in:

- o *Inhoudsopgawe*
- o *Inleiding*
- o *Taakdefinisie*
- o *Inhoud*
- o *Bevindings*
- o *Gevolgtrekking*
- o *Bibliografie*
- o *Bylaes*

- 'n **Bylaag** onder die opskrif *Bylae* wat jy in jou verslag geskep het met 'n **diagram of skermkopie** wat die lêergidsstruktuur, wat enige sublêergidse insluit wat gebruik gaan word, vertoon. Gee dit 'n geskikte opskrif soos '*Lêergidsstruktuur*' en plak die diagram of skermkopie in hierdie bylaag.
- 'n **Bylaag** met die **egtheidsverklaring** wat deur die loop van al die fases gebruik sal word.

3 Skep 'n taakdefinisie

Om seker te maak dat jy verstaan waarom jy hierdie ondersoek doen, moet jy, in jou eie woorde, op 'n kort en bondige wyse, beskryf wat jy gaan ondersoek en wat van jou verwag word. Dit is die taakdefinisie.

Jou beskrywing moet onder die opskrif *Taakbeskrywing* ingevoeg word.

Jy moet die volgende vrae in jou taakdefinisie beantwoord.

- **Wat** is die huidige situasie en die doel van die ondersoek (Vereiste uitkoms)?
- **Wat** sal die fokus van my ondersoek wees?
- **Hoe** sal ek te werk gaan om die ondersoek uit te voer, met inagneming van al die vereistes van die PAT?
- **Vir wie** is die inligting bedoel (teikengehoor)?
- **Hoe** moet ek die inligting aanbied (In watter formaat)?

Jou taakdefinisie moet ±200 woorde wees.

4 Vra vrae wat jou ondersoek sal lei

Om die probleem op te los en om die fokusvraag te beantwoord, moet jy meer vrae vra om jou te help om toepaslike data en inligting te vind.

- Skep eers 'n nuwe bylaag onder die opskrif **Bylae** wat jy in jou verslag geskep het. Gee dit 'n geskikte opskrif soos 'Vrae- en Bronnetabel' en skep die volgende tabel:

NR.	VRAAG	VLAK VAN DIE VRAAG (1, 2, 3, 4)	OPSKRIF	TIPPE BRON	BIBLIOGRAFIESE INLIGTING	GEHALTE VAN INLIGTING WAT GEVIND IS	OPSOMMING VAN INLIGTING WAT GEVIND IS
1							
...	
10							

Figuur 1: Voorbeeld van Vrae- en Bronnetabel

WENK: Dit mag nuttig wees om hierdie bylaag in landskapformaat te plaas.

LET WEL: Jy sal die vereiste inligting in die verskillende kolomme van hierdie tabel voltooi soos jy deur Fase 1 vorder.

- Indentifiseer opskrifte wat verband hou met die ondersoek (ten minste **DRIE**) wat jy kan gebruik om jou vrae en inligting te organiseer. Kopieer die tabel wat jy geskep het vir elke opskrif.
 - Voltooi jou lys van navorsing/ondersoekende vrae (ten minste TIEN).
 - Evalueer die *gehalte* van die navorsings/ondersoekende vrae. Jy het 'n verskeidenheid vrae nodig wat verskillende vlakke van denke toon, bv. vrae wat:
 - ① feite verskaf (wie, wanneer, waar, wat, hoeveel, watter, ens.) (*vlak 1 vrae*)
 - ② rigting aan die ondersoek kan gee (waarom, hoe, ens.) (*vlak 2 vrae*)
 - ③ lei tot voorspellings of wat veranderinge voorstel (wat as, as, ens.) (*vlak 3 vrae*)
 - ④ beoordeling ondersteun of help om te evalueer, kritiseer, te hersien of betekenis te vind (sou dit beter wees as, watter aanbeveling, wat sou die beste wees, ens.) (*vlak 4*)
- LET WEL:** Jou (minimum van) **TIEN** vrae moet tesame ten-minste **DRIE** van die bogenoemde tipes/vlakke verteenwoordig.

5 Identifiseer bronne

Om die probleem op te los, moet jy inligtingsbronne vind en identifiseer en gehalte-inligting versamel. Vind bronne vir die (minimum van) TIEN vrae wat jy geskep het om jou in staat te stel om hierdie vrae te beantwoord deur die volgende te doen:

- Identifiseer 'n bron om die inligting vir elke vraag te vind.
- Jy moet die Internet (ten minste TWEE verskillende webtuistes) plus ten minste EEN ander bron gebruik, byvoorbeeld (gedrukte/elektroniese) media soos koerante, brosjures, tydskrifte, handboeke, ensovoorts of 'n kundige persoon (e-pos/onderhoud), ensovoorts.
- Verskaf bibliografiese inligting van die bronne (**ten minste TWEE webtuistes en EEN ander bron**) soos volg:
 - Vir elke **webtuiste** moet die volgende inligting vasgelê word:

WEBTUISTE-BRON	
OUTEUR(S)/ORGANISASIE/UITGEWER	Brown, John
NAAM VAN WEBTUISTE EN WEBBLAD	Augmented Reality
DATUM GESKEP/OPGEDATEER	12 January 2018
TOEGANGSDATUM	14 February 2018
URL	www.example.com/augmented-reality

Figuur 2: Voorbeeld van bibliografiese inligting wat vir 'n webtuiste benodig word

- Vir elke **ander bron**, soos boeke en tydskrifte, moet die volgende inligting vasgelê word:

ANDER BRON	
Outeur(s)	Cabala, Xolani
Titel van bron	The Future
Datum gepubliseer/uitgegee	December 2017
Uitgewer	Daily Press

Figuur 3: Voorbeeld van bibliografiese inligting wat benodig word vir gedrukte media

- Voeg nou al hierdie inligting in die toepaslike kolomme in die Vrae- en Bronne-tabel wat jy geskep het. Pas die tabel aan soos nodig. Jy kan ook die bibliografiese inligting as bronne in die woordeverwerkingsdokument byvoeg.
- Sodra jy jou bronne geïdentifiseer het (of gedurende daardie proses) moet jy die potensiële gehalte van hierdie inligtingsbronne evalueer ten einde gehalte-inligting in te samel.
- Vir elkeen van die minimum van DRIE bronne wat jy geïdentifiseer het (ten minste TWEE verskillende webtuistes plus ten minste EEN ander bron) moet jy die gehalte van die inligting kortliks evalueer deur die volgende kriteria te gebruik:

KRITERIA	MOTIVERING/VERDUIDELIKING
GESAG	Die 'geldigheid' of 'geloofwaardigheid' van die uitgewer of outeur(s)
AKTUALITEIT	Die datum waarop die materiaal uitgegee of opgedateer is
AKKURAAKTHEID	Ooreenstemming met data uit ander bronne
OBJEKTIWITEIT	Enige vooroordeel, partydigheid, wanvoorstelling van inligting ensovoorts
DEKKING	Hoe omvattend die materiaal die onderwerp dek

Figuur 4: Kriteria vir die kontrolering van die gehalte van inligting op webtuistes

- Voeg nou al hierdie inligting by die Vrae- en Bronnetabel wat jy geskep het.

6 Verwerk en gebruik inligting en data

- Samel soos volg alle ander inligting en data van die bronne wat jy geïdentifiseer het, in:
 - Stoor 'n kopie (skermkopie/gekopieerde inhoud) van elke webtuiste wat jy van plan is om te gebruik, in 'n toepaslike lêergids.
 - Verwerk/Som die inligting op om die geskikte inligting wat toepaslik is vir jou inligtingsvereistes, te onttrek (dit sal nodig wees wanneer jy die finale verslag in Fase 3 saamstel).
 - Skep 'n rekord/Stoor die inligting op die volgende manier:
- Kopieer die inligting en plak dit in die toepaslike selle in die laaste kolom van die Vrae- en Bronnetabel wat jy geskep het (die 'Opsomming van inligting wat gevind is' kolom).

7 Kontroleer Fase 1 voordat jy dit inhandig

Jou voltooide PAT Fase 1 moet die volgende bevat.

- 'n Lêergids met bronne wat jy ook in jou finale verslag (Fase 3) gaan gebruik.
- **EEN** woordverwerkingsdokument.

BAIE BELANGRIK:

Voordat jy die voltooide fase 1 ingee:

- Gaan stap-vir-stap deur die assesseringsriglyne hierby aangeheg. Opskrifte in die voorafgaande gedeelte stem ooreen met die nommering van die assesseringsdokument.
- Maak seker dat jy al die instruksies uitgevoer het soos vereis.
- Korrigeer alle foute voordat jy jou werk finaal inhandig.
- Vra jou onderwyser indien jy onseker is oor enige inligting.

Assesseringsinstrument Fase 1

LEERLING NAAM: _____

DATUM INGEHANDIG: ___/___/2018

LET WEL: Hierdie is 'n kriteriumgebaseerde instrument.
Die onderwyser MOET die toepaslike kriteria verhelder of 'n regmerkie in die tweede kolom maak. Die getal regmerkies in die tweede kolom bepaal altyd die punt in kolom 4 tot 8 nie. Verbind die kriteria met die punt, byvoorbeeld in item 1, indien antwoorde op al 4 vrae gegee is, word 'n punt van 4 toegeken.

	KRITERIA	MAKS PUNT	4	3	2	1	0	PUNT BEHAAL
1	ORGANISASIE VAN DOKUMENTE (FORMAAT EN ORGANISERING VAN MATERIAAL/BEWYSE) Die formatering en organisasie van lêers/lêergids en bewysstukke.							
	<input type="checkbox"/> Korrekte rekenaarlêerstruktuur geskep vir al drie Fases van die PAT. <input type="checkbox"/> Al die werk/inligting vir Fase 1 word aangebied in slegs een woordverwerkingsdokument. <input type="checkbox"/> Elektroniese en/of harde kopieë van alle dokumente (asook bewyse van bronne) is beskikbaar. <input type="checkbox"/> Alle dokumente is georganiseer in een lêergids. dokumente is logies georden, en maklik navigeerbaar <input type="checkbox"/> Lêergids en lêers is betekenisvol benoem.	4	<ul style="list-style-type: none"> • Bevat al 5 aspekte 	<ul style="list-style-type: none"> • Bevat slegs 4 van die 5 aspekte 	<ul style="list-style-type: none"> • Bevat slegs 3 van die 5 aspekte 	<ul style="list-style-type: none"> • Slegs 2 van die 5 aspekte 	<ul style="list-style-type: none"> • Geen dokumente geskep nie 	

	KRITERIA	MAKS PUNT	4	3	2	1	0	PUNT BEHAAL
2	TAAKDEFINISIE (± 200 WOORDE/'N HALWE BLADSY) Die doel van die taak/projek (PAT) is duidelik, <i>in die leerder se eie woorde</i> , beskryf, m.a.w. leerder toon 'n deeglike begrip van die probleem (wat die probleem is), wat hy/sy moet ondersoek en waarom hy/sy die ondersoek doen. Dit bied 'n duidelike oorsig van die fokus van sy/haar ondersoek en die aspekte wat ondersoek moet word en dui ook aan hoe hy/sy te werk sal gaan asook aan wie en hoe dit aangebied moet word.							
	<input type="checkbox"/> Wat is die huidige situasie en die doel van die ondersoek (verlangde uitkoms)? <input type="checkbox"/> Wat sal die fokus van my ondersoek wees? <input type="checkbox"/> Hoe gaan ek te werk gaan met die ondersoek en al die vereistes van die PAT in ag neem? <input type="checkbox"/> Wie is die teikengroep? <input type="checkbox"/> In watter formaat moet dit aangebied word?	4	<ul style="list-style-type: none"> Al 5 vrae (in kriteria) is duidelik beantwoord en in die leerder se eie woorde beantwoord 	<ul style="list-style-type: none"> Slegs 4 van die 5 vrae (in kriteria) is duidelik beantwoord en gedoen in die leerder se eie woorde 	<ul style="list-style-type: none"> Slegs 3 van die 5 vrae in die kriteria is duidelik beantwoord en gedoen in leerder se eie woorde 	<ul style="list-style-type: none"> Slegs 2 van die 5 vrae in die kriteria is duidelik beantwoord <p>OF</p> <ul style="list-style-type: none"> Enige 1 vraag is nie duidelik in die leerder se eie woorde gestel nie. 	<ul style="list-style-type: none"> Nie gedoen of Minder as 2 van die 5 vrae in die kriteria beantwoord of Die vrae is so vaag beantwoord dat geen merkbare doel gevind kan word nie of Taakdefinisie is nie in die leerder se eie woorde nie 	
3	VRAE – GEHALTE (VRAE OM DIE ONDERSOEK TE LEI – DIT IS NIE VIR DIE VRAELYS NIE) 'n Minimum van TIEN vrae , op minstens drie verskillende vlakke (bv. "feitelike/gesluit", "ondersoek/verken", "voorspel/verander", "beoordeel/evalueer") toepaslik tot die fokusvraag, wat sal help om die fokusvraag te beantwoord en 'n oplossing vir die probleem/fokus vraag binne die raamwerk van die PAT vereistes te bied, d.w.s. verskaf kwalitatiewe sowel as kwantitatiewe inligting.							
	<input type="checkbox"/> Alle vrae is van toepassing is op die fokusvraag en sal help om die fokusvraag te beantwoord. <input type="checkbox"/> Sluit 'n verskeidenheid vrae in (minstens op drie verskillende vlakke). <input type="checkbox"/> Ten minste DRIE groepe vrae.	3	<ul style="list-style-type: none"> Bevat duidelik al 3 aspekte 	<ul style="list-style-type: none"> Bevat duidelik 2 van die 3 aspekte 	<ul style="list-style-type: none"> Bevat duidelik 1 van die 3 aspekte 	<ul style="list-style-type: none"> Geen vrae of Al drie aspekte onvanpas 		

4	NAVORSINGS/ONDERSOEKVRÆ – TEGNIESE ASPEKTE Tegniese aspekte soos organisering van die vrae, die aantal vrae en bronne aangedui, minimum van TIEN vrae met toepaslike bronne ingesluit.	3		<ul style="list-style-type: none"> • Bevat duidelik al 3 aspekte 	<ul style="list-style-type: none"> • Bevat duidelik 2 van die 3 aspekte 	<ul style="list-style-type: none"> • Bevat duidelik 1 van die 3 aspekte 	<ul style="list-style-type: none"> • Nie gedoen of • Alle 3 aspekte onvanpas
5	SOEK INLIGTING VIR JOU PROJEK: BRONNE – BIBLIOGRAFIESE INLIGTING Toepaslike bronne geïdentifiseer om vrae te beantwoord en broninligting, soos vereis deur die tipe bron en verwysingsfunksie in woordverwerker, is duidelik vir alle bronne aangedui.	4	<ul style="list-style-type: none"> • Voorsien duidelik alle gelyste besonderhede - al 4 aspekte vir alle bronne 	<ul style="list-style-type: none"> • Voorsien duidelik minstens 3 van die 4 aspekte vir alle bronne 	<ul style="list-style-type: none"> • Voorsien duidelik minstens 2 van die 4 aspekte vir alle bronne • Twee aspekte uitgelaat OF • Alle gelyste besonderhede vir enige 1 bron heeltemal uitgelaat 	<ul style="list-style-type: none"> • Voorsien duidelik minstens 1 van die 4 aspekte vir alle bronne 	<ul style="list-style-type: none"> • Geen bron besonderhede of • Slegs 1 van die gelyste besonderhede voorsien vir enige 1 bron of • Gelyste besonderhede vir meer as 1 bron heeltemal uitgelaat
6	BRONNE – TEGNIES Leerder identifiseer 'n verskeidenheid van bronne (minstens DRIE bronne).	3		<ul style="list-style-type: none"> • Drie bronne gebruik 	<ul style="list-style-type: none"> • Slegs 2 bronne gebruik 	<ul style="list-style-type: none"> • Slegs 1 bron gebruik 	<ul style="list-style-type: none"> • Nie voorsien nie

7	EVALUEER INLIGTING 'n Tabel is voltooi vir elke bron wat duidelik die evaluering van die kwaliteit van die bron en die inhoud aantoon deur die voorsiening van 'n duidelike, relevante motivering/verduideliking vir elke aspek.		<ul style="list-style-type: none"> Al 5 aspekte duidelik aangespreek en korrek gemotiveer/verduidelik vir alle bronne 	<ul style="list-style-type: none"> Minstens 4 van die 5 aspekte duidelik aangespreek en korrek gemotiveer/verduidelik vir alle bronne 	<ul style="list-style-type: none"> Minstens 3 van die 5 aspekte duidelik aangespreek en korrek gemotiveer/verduidelik vir alle bronne 	<ul style="list-style-type: none"> Minstens 2 van die 5 aspekte duidelik aangespreek en korrek gemotiveer/verduidelik vir alle bronne 	<ul style="list-style-type: none"> Minder as 2 van die 5 aspekte duidelik aangespreek en korrek gemotiveer/verduidelik vir alle bronne Nie gedoen vir alle bronne 	
8	INLIGTING – OPSOMMING Inligting van elke bron wat gebruik word, is in leerder se eie woorde opgesom. Opsomming bevat inligting uit die bron wat relevant tot die onderwerp is en wat sal help om vrae te beantwoord of nuttig is vir die oplossing van die probleem.		<ul style="list-style-type: none"> Albei aspekte duidelik teenwoordig en alle opsommings is definitief in leerder se eie woorde 	<ul style="list-style-type: none"> Slegs 1 van die 2 aspekte duidelik teenwoordig en opsommings wat verskaf is, is in leerder se eie woorde 	<ul style="list-style-type: none"> Albei aspekte duidelik teenwoordig maar enige deel van 1 opsomming is nie in die leerder se eie woorde nie 	<ul style="list-style-type: none"> Albei aspekte duidelik teenwoordig maar enige deel van meer as een opsomming is nie in die leerder se eie woorde nie 	<ul style="list-style-type: none"> Geen van die 2 aspekte duidelik teenwoordig of Meeste is nie in leerder se eie woorde nie of Nie gedoen nie 	
TOTALE PUNT:		29	PUNT BEHAAL					
Ek verklaar hiermee dat die inhoud van hierdie assesseringstaak my eie oorspronklike werk is (behalwe waar daar 'n duidelike erkenning en toepaslike verwysing na die werk van ander is) en nie deur plagiaat bekom is nie, gekopieer is nie of voorheen vir assessering deur enige iemand ingedien is nie								
Handtekening van leerling: _____					Datum ___/___/2018			
KOMMENTAAR/TERUGVOERING: _____								
ONDERWYSER NAAM: _____			ONDERWYSER HANDTEKENING: _____			DATUM: ___/___/2018		

FASE 2

Kopieer die verslag van Fase 1 na die Fase 2-lêergids.

1 Skep 'n vraelys

- Om data en inligting, wat jy nie in ander bronne mag vind nie of om ander data of inligting van ander bronne te ondersteun, moet jy mense vra. Om dit te doen, moet jy 'n vraelys opstel.
- Stel jou vraelys op deur gebruik te maak van 'n elektroniese vorm in 'n woordverwerkingsdokument. Maak gebruik van inhoudskontroles. Jy mag ook gebruik maak van *Google Forms*. (**Let wel:** Dit is makliker om met *legacy tools* of *Google forms* inligting elektronies na Excel oor te dra).
- Die vrae in die vraelys moet jou help om data/inligting by mense te kry wat nie sommer in ander bronne gevind kan word nie, bv opinies of voorkeure.
- Onthou dat vrae met slegs een antwoord of vrae waar mense 'n antwoord uit 'n lys kan kies, dikwels makliker is om te verwerk.
 - Vraelyste is dikwels makliker om te interpreteer as dit opskrifte en duidelike instruksies vir respondente het.
 - Vrae wat met mekaar verband hou, moet saam gegroepeer wees onder gepaste opskrifte.
 - Ontwerp die vraelys om die manier waarop dit uitgevoer sal word, te pas, bv. gebruik inhoudskontroles/vorm velde om mense in staat te stel om elektroniese vorms maklik te voltooi en vir jou om die data maklik te stoor.
 - Maak gebruik van professionele formatering.
 - Jy mag ook jou eie vrae byvoeg/gebruik en 'n **EEN**-bladsy vraelys skep met ten minste **VYF** vrae, uitgesluit respondente se biografiese data (bv. naam, geslag, ouderdom, adres). Dit is belangrik om vrae in te sluit wat data sal voorsien (getalle, hoeveelhede, statistiek, ens.) wat jy in die sigblad kan verwerk.
 - Versprei die vraelys tussen ten minste TWINTIG leerders in jou skool om te voltooi.
 - Maak seker dat die elektroniese weergawes van die vraelyse korrek gestoor word in die toepaslike Fase 2 lêergids. Elke vraelys moet met sy eie unieke nommer gestoor word bv. vraelys 1, 2,3 ens.

2 Skep 'n sigblad

- Hou in gedagte dat jy ook data en inligting nodig het wat in 'n **sigbladtoepassing soos MS Excel** verwerk moet word.
- Verwerk en ontleed al die data (vraelysdata sowel as ander data, bv. koste, ens.) wat die gebruik van 'n sigblad mag nodig hê.
- Tik/Voer data in 'n geskikte formaat in en gee die sigblad 'n toepaslike lêernaam.
- Gebruik gepaste formateringstegnieke sodat enige leser in staat sal wees om die resultate maklik te interpreteer.
 - Gebruik formaterings-kenmerke soos kleur, rame, woordomvou, font en style.
 - Maak seker dat kolom-opskrifte en ry-etikette verskillend van die res van die data geformateer is.
- Gebruik formules en/of funksies om data te verwerk en datavrae van fase 1 te beantwoord.
 - **Neem kennis** van tipes en kompleksiteit van die sigbladtoepassing se funksies en formules wat vereis word, soos uiteengesit in punt 7 van fase 2 se assesseringsinstrument.
- Som die resultate wat jy in die verslag wil gebruik op. Gebruik 'n aparte werkblad.
- Skep geskikte, betekenisvolle grafieke in jou sigbladprogram wat jy in jou verslag kan gebruik om ander inligting, aannames of argumente te verduidelik/ondersteun.
 - Jy moet minstens **TWEE relevante** grafieke hê wat 'n bydrae tot die oplossing sal lewer.
 - Voeg elemente soos titels, waardes (data labels), gidslyne en randskrifte by.

LET WEL: Jy moet die inligting wat uit hierdie formules, funksies en grafieke verkry word as bevindinge en gevolgtrekkings in jou finale verslag gebruik.

- Stoor die sigblad in jou Fase 2 lêergids.

3 Skep 'n databasis

Om data en inligting verder te ontleed, moet jy toepaslike, geskikte data in 'n databasis inlees sodat jy navrae en verslae skep om die bespreking van die probleem of die aanbevelings/oplossing te ondersteun/staaf. **(Moenie slegs die sigblad-data na die databasis-tabel kopieer nie. Jy mag egter van die data in die sigblad gebruik.)**

- Skep 'n databasis met 'n sinvolle lêernaam en stoor dit in jou Fase 2-lêergids. Die inligting moet op die ondersoek van toepassing wees.
- Skep **EEN** tabel:
 - Gee die tabel 'n toepaslike naam.
 - Gebruik toepaslike veldname en datatipes sowel as valideringstegnieke om seker te maak dat die data korrek ingelees is.
 - Voer toepaslike data in 'n tabel in (minstens **TWINTIG** rekords) wat gebruik kan word om vrae te antwoord of te ondersteun.
- Skep ten minste **TWEE** navrae
 - met meer as **een kriterium**.
 - Maak gebruik van sortering en/of vertoonopsies.
- **Neem kennis** van die tipes en kompleksiteit van databasisfunksies wat vereis word, soos gespesifiseer word in punt 10 van Fase 2 assesseringsinstrument.

4 Kontroleer Fase 2 voordat jy dit inhandig

Jou onderwyser sal die datum waarop jy Fase 2 vir assessering moet inhandig, bepaal.

Sodra jy met Fase 2 van die projek klaar is:

- Bestudeer die punte-uiteensetting - soos in die Asseseringsinstrument hierby aangeheg.
- Maak seker dat jou dokumente aan al die kriteria voldoen soos aangedui in die assesseringsinstrument, voordat jy jou PAT Fase 2 inhandig.
- Handig jou volledige PAT-lêergids in. Die volgende moet in jou Fase 2-lêergids wees:
 - Verslag uit Fase 1 gekopieer.
 - Oorspronklike vraelys.
 - Voltooide vraelyste.
 - Die voltooide sigblad met die ontleding van data en TWEE grafieke.
 - Die voltooide databasis met EEN toepaslike tabel en TWEE (2) navrae.

LET WEL: Al die dokumente in Fase 2 moet elektronies ingehandig word.

Dit word aanbeveel om sagtekopieë van dokumente te stoor en nie as hardekopieë nie

Voorbeeld van 'n Vraelys

Hierdie is voorbeeldvrae wat gebruik kan word wanneer jy 'n vraelys saamstel. Maak gebruik van vorm elemente om die vraelys elektronies op te stel. Jy kan van die vrae in hierdie lys gebruik, of jou eie vrae saamstel.

Die skool inligting versamel oor Vergrote Werklikheid (Augmented Reality).

BIOGRAFIESE INLIGTING

1. Wat is jou geslag?

- Manlik
 Vroulik

2. Wat is jou ouderdomsgroep?

- Onder 15 jaar oud
 16 tot 18 jaar oud
 19 tot 25 jaar oud

3. Watter tipe mobiele tegnologie gebruik jy?

- selfoon
 slimfoon
 fablet
 tablet

VERGROTE WERKLIKHEID – SPESIFIEKE VRAE

1. Weet jy wat is Vergrote Werklikheid?

- | JA | NEE |
|--------------------------|--------------------------|
| <input type="checkbox"/> | <input type="checkbox"/> |

2. Besit jy Vergrote Werklikheidstoerusting?

- | JA | NEE |
|--------------------------|--------------------------|
| <input type="checkbox"/> | <input type="checkbox"/> |

3. Hoe gereeld maak jy gebruik van Vergrote Werklikheid?

- Nooit
 Minder as 5 keer
 Tussen 6 en 10 keer
 Tussen 11 en 20 keer
 Meer as 20 keer

4. Het jou mobiele toestel 'n Vergrote Werklikheidstoepassing (App)?

- | JA | NEE |
|--------------------------|--------------------------|
| <input type="checkbox"/> | <input type="checkbox"/> |

5. Noem die Vergrote Werklikheidstoepassing (App) wat jy gebruik?

.....

BAIE DANKIE DAT JY HIERDIE VRAELYS VOLTOOI HET!

Assesseringsinstrument Fase 2

LEERLING NAAM: _____

DATUM INGEHANDIG: ___/___/2018

LET WEL: Dit is 'n kriterium-verwysingsinstrument.

Die onderwyser moet die toepaslike kriteria verhelder of 'n regmerkies in die tweede kolom maak. Let op dat die aantal regmerkies in hierdie tweede kolom nie altyd die punt in kolomme 4 tot 8 bepaal nie. Die kriteria word aan die punt toegeken, bv. in item 1, as antwoorde op al 5 vrae duidelik is, dan word 'n 4 toegeken.

	KRITERIA	MAKS. PUNT	4	3	2	1	0	PUNT BEHAAL
1	VERSLAG							
	<input type="checkbox"/> Dokument gekopieer van Fase 1	1				• Verslag gekopieer	• Geen verslag	
2	SKEP 'N VRAELYS Goed deurdinkte vraelys wat antwoorde verskaf op vrae, wat waarskynlik nie in ander bronne gevind sal word nie of wat bydra tot die verifiëring, verduideliking of aanvulling van ander inligting. Sommige vrae sal die verwerking van data met behulp van n sigblad en databasis bewerkstellig.							
	<input type="checkbox"/> Alle vrae is toepaslik. <input type="checkbox"/> Verskaf meestal antwoorde op vrae wat waarskynlik nie in ander bronne voorkom nie of wat ander inligting aanvul/verifieer/verduidelik <input type="checkbox"/> Sluit vrae in wat data of statistiese inligting sal gee (getalle, of wat omskep kan word in getalle) <input type="checkbox"/> Meestal nuwe vrae of afgelei van ander vrae (ander vrae onderverdeel in data-tipe vrae)	4	• Bevat duidelik al 4 aspekte	• Bevat duidelik 3 van die 4 aspekte	• Bevat duidelik 2 van die aspekte	• Bevat slegs 1 van die aspekte	• Geen vraelys of • Geen van die 4 aspekte duidelik teenwoordig	

3	VRAELYS – TEGNIES Elektronies-geskepte vraelys, professioneel en toepaslik ontwerp volgens die manier waarop dit geadmistreer sal word (aanlyn, via e-pos, of gedruk, bv. geskep in 'n woordverwerker met die gebruik van toepaslike beginsels en tegnieke soos inhoudskontroles/vormvelde of geskep in Google Docs) wat dit moontlik maak om en toepaslike antwoorde te verskaf en vrae maklik te antwoord asook om data maklik/akkuraat in te voer/vas te lê en te verwerk.							
	<input type="checkbox"/> Elektroniese vorm geskep, toepaslik vir die manier waarop dit geadmistreer sal word. <input type="checkbox"/> Gepaste opskrifte met toepaslike vrae. (Gepaste vrae saam gegroep onder gepaste opskrifte). <input type="checkbox"/> Maksimum 1 bladsy met ten minste VYF vrae, uitgesluit biografiese inligting. (bv. naam, geslag, ouderdom en adres) <input type="checkbox"/> Professionele formatering en uitleg (bv. die gepaste woordverwerkingstegnieke) met geen foute . <input type="checkbox"/> Minstens TWINTIG voltooide vorms	4	<ul style="list-style-type: none"> • Bevat duidelik al 5 aspekte 	<ul style="list-style-type: none"> • Bevat duidelik 4 van die 5 aspekte 	<ul style="list-style-type: none"> • Bevat duidelik 3 van die 5 aspekte 	<ul style="list-style-type: none"> • Bevat duidelik minstens 2 van die 5 aspekte 	<ul style="list-style-type: none"> • Geen vraelys of Bevat minder as 2 van die 5 aspekte 	
4	SIGBLAD – TEGNIES Goeie ontwerp en formatering met behulp van geskikte formatteringstegnieke (raam , skakering, letterspasiëring, ens.) met 'n goeie uitleg en is maklik om te lees en te interpreteer, (ry-en kolomopskrifte staan uit). Die uitleg dra by tot die leesbaarheid, dit belemmer dit nie.							
	<input type="checkbox"/> Sigblad toepaslik benoem <input type="checkbox"/> Goed ontwerp en geformateer <input type="checkbox"/> Goeie uitleg, maklik om te lees en te interpreteer <input type="checkbox"/> Sigblad het meer as EEN werkblad waarop inligting voorkom	4	<ul style="list-style-type: none"> • Al 4 aspekte duidelik teenwoordig 	<ul style="list-style-type: none"> • Bevat 3 aspekte 	<ul style="list-style-type: none"> • Slegs 2 aspekte gebruik 	<ul style="list-style-type: none"> • Slegs 1 van die 3 aspekte duidelik teenwoordig 	<ul style="list-style-type: none"> • Geen sigblad of • Geen van 3 aspekte duidelik teenwoordig nie 	
5	SIGBLAD – KWALITEIT Relevante data gebruik. Verwerking is korrek en relevant / toepaslik en vrae sal beantwoord word, wys tendense / patrone, voorsien insig en dra by tot die oplossing.							
	<input type="checkbox"/> Relevante, geskikte data ingesamel en ingevoer <input type="checkbox"/> Relevante/toepaslike verwerking en ontleding van data <input type="checkbox"/> Analise sluit ander relevante, geskikte data in addisioneel tot die vraelys/opname se data <input type="checkbox"/> Geen verwerkingsfoute/foutaanwysers	4	<ul style="list-style-type: none"> • Al 4 aspekte duidelik teenwoordig 	<ul style="list-style-type: none"> • Bevat 3 van die 4 aspekte 	<ul style="list-style-type: none"> • Bevat 2 van die 4 aspekte 	<ul style="list-style-type: none"> • Bevat slegs 1 van die 4 aspekte 	<ul style="list-style-type: none"> • Meeste data nie relevant of • Meeste van die verwerking nie toepaslik/relevant of heeltemal verkeerd 	

<p>6</p>	<p>SIGBLAD – GRAFIEKE Grafieke is toepaslik, sinvol en dien 'n doel. Die korrekte soort en formaat, maklik om te interpreteer (opskrifte, byskrifte, randskrifte, ens.) sal help om vrae te beantwoord, en dra by tot die oplossing of werp lig op of verduidelik aspekte van die probleem of die oplossing.</p> <p><input type="checkbox"/> Minstens twee toepaslike, sinvolle grafieke, wat sal bydra tot die oplossing <input type="checkbox"/> Korrekte tipe grafieke gebruik <input type="checkbox"/> Grafieke is maklik om te interpreteer <input type="checkbox"/> Korrekte gebruik van titels, <i>labels</i>, gidslyne en legends.</p>	<p>4</p>	<ul style="list-style-type: none"> • Bevat duidelik al 4 aspekte 	<ul style="list-style-type: none"> • Bevat 3 van die 4 aspekte 	<ul style="list-style-type: none"> • Bevat 2 van die 4 aspekte 	<ul style="list-style-type: none"> • Bevat slegs 1 van die 4 aspekte 	<ul style="list-style-type: none"> • Geen grafiek oelewante OF • Geen toepaslike, sinvolle grafiek nie 	
